1. Eindelik is daar 'n oplossing vir die onooglike en pynlike uitslag op jou vel nadat jy geskeer of 'n wasbehandeling gehad het. Boonop help dit ook vir ingroei-hare. Fino Soothe Aftercare Balm vir waks en skeer vir vroue (R65) is dermatologies en klinies getoets, nie-irriterend en kan op enige plek op die liggaam gebruik word. Fino Soothe After Shave Balm vir mans werk goed op alle vel- en haartipes en voorkom pynlike skeeruitslag, knoppies en ingroei-hare. Dit help ook jeukerigheid verminder. Dit is landwyd by DisChem en uitgesoekte apteke en haar- en skoonheidsalonne te koop.

2. The Body Shop se bevogtigende Brasiliaanse neut-masker vir hare is 'n ryk, bevogtigende behandeling wat aangewend kan word voordat jy jou hare was. Dit bevat Brasiliaanse neut-, olyf- en sesamolie en heuning wat die haarskag diep binnedring om bros hare op te knap en lewe te gee. Dit maak hare sterker, voorkom dat dit breek, herstel skade en beskerm dit teen hittebehandeling en skade sodat dit sag, glad en glansend lyk.

3. Almay het pas 'n nuwe generasie natuurlike grimering bekend gestel. Met meer as 95 % natuurlike bestanddele – wat vrugte- en blomekstrakte insluit – beloof dié grimering bevogtigende, sagte teksture en gewiglose aanwending. Die reeks sluit 'n onderlaag (R130), poeier (R165), blosser (R130), oogkleure (R99) en lipglans (R105) in.

4. Wella Lifetex se Pure Aqua Essense (R135) is bekend as 'n dubbele emulsie. Die mikro-gekapsuleerde waterdruppeltjies in dié emulsie sorg vir 'n verhoogde vlak van bevogtiging.

5. Pantene Pro-V se Enhanced layers-opknapper (R26,99 vir 200 ml en R47,99 vir 400 ml) is met ultra-ligte opknappingsbestanddele geformuleer wat jou hare sal voed en hare wat in lae gesny is, beskerm. Dié opknapper se geheim lê in buigsaamheid wat beweging en glans aan jou hare sal verleen.

6. Pantene Pro-V se Enhanced layers-sjampoe (R26,99 vir 200 ml en R47,99 vir 400 ml) sal hare wat in lae gesny is ligter en meer beweeglik maak, terwyl dit sal sorg vir 'n salon-vars gevoel.

7. Hemporium-sjampoe (R40 vir 250 ml) is 'n nie-ioniese sjampoe wat van die beste natuurlike bestanddele gemaak en volledig bio-afbreekbaar is. Dit bevat hennepsaad-, klapper-, olyf- en amandel-olie en 'n infusie van kamille en roosmaryn. Dit beskerm en bevogtig die kopvel en stimuleer glans en haargroei.

8. Hemporium-opknapper (R45 vir 250 ml) is ideaal vir 'n droë kopvel. Die bevat hennepsaad- en klapperolie wat vog reguleer, terwyl die klapperolie ook skilfers help voorkom.

9. Head & Shoulders Damage rescue-sjampoe help om jou hare sterker te maak, terwyl dit skilfers bekamp en gebreekte hare herstel. Dit bevat hoë vlakke opknappingsbestanddele en skilferbehandeling met die ekstra kosmetiese voordele wat 'n beskadigde kopvel en hare nodig het.

10. Schwarzkopf se Gliss Hair Repair Liquid Silk Gloss-sjampoe (R44,99 vir 250 ml) bevat vloeibare komponente wat hare van binne én buite versterk en glad maak.

11. Schwarzkopf se Gliss Hair Repair Liquid Silk Express Repair-opknapper (R79,99 vir 200 ml) herstel nie net die haaroppervlak nie, maar dring hare diep binne. Dit sorg vir sysagte, soepel, glansende hare.

12. No Hair se haarverwyderingsroom (R17,65 vir 125 ml en R16,81 vir 50 ml) het nou 'n verbeterde geur. Dit bevat bevogtigende baba-olie en verwyder hare sagkens vanaf binne drie minute nadat dit aangewend is. No Hair-haarverwyderaar is geskik vir die verwydering van hare op bene, onder arms en op groter areas. L